Meltwater
Outside Insight

**Publication:** Beeld,Daily - Motoring
**Title:** Wysigings aan POF benadeel slagoffers`
**Publish date:** 21 Sep 2023
**Page:** 13

**Reach:** 21033
**AVE:**R 14145.91
**Author:** Staff Reporter



# Wysigings aan POF 'benadeel slagoffers'

Die voorgestelde wysigings aan die Padongelukfonds (POF)-wet het groot implikasies vir gewone padgebruikers.

Mense wat op snelweë deur bestuurders raak gery word, sal nie meer skade-eise teen die POF kan indien nie en mense wat deur dronkbestuurders getref word, sal nie kan eis nie.

Die Prokureursorde van Suid-Afrika (LSSA) het in 'n verklaring sy kommer oor die wysigings uitgespreek.

Kommentaar en besware oor die wysigingswet, wat op 8 September deur die departement van vervoer gepubliseer is, kan nog tot 8 Oktober ingedien word.

Die LSSA vra dat 'n veldtog begin moet word om mense oor die veranderinge bewus te maak. "As die wysigingswetsontwerp aanvaar word, sal alle bestuurders, passasiers en voetgangers wat beserings opgedoen het weens 'n motorongeluk, van hul regte ontneem word," sê die LSSA.

Eise sal na maatskaplike voordele verander en daar sal nie meer gewone eise teen die skuldige party ingedien kan word nie.

Eisers sal ook moet bewys hul beserings is opgedoen weens 'n nalatige bestuurder.

Almal wat paaie gebruik, sal steeds – direk of indirek – tot die POF moet bydra. Tans is dit R2,18 per liter petrol of diesel.

Volgens die LSSA ontvang die POF sowat R45 miljard per jaar deur middel van die brandstofheffings.

**Francois Williams** het vroeër berig die metaalwerkersvakbond Numsa het sy stem gevoeg by dié van 'n groep prokureurs en mediese verenigings wat skerp kritiek uitgespreek het oor die toestand van die POF.

Volgens die LSSA diskrimineer die voorgestelde wysigings teen die werkersklas wat van openbare vervoer gebruik maak om by die werk te kom.

Hulle sal voorts private ongelukksdekking moet betaal en die POF sal hulle dan ook nie kan vergoed vir die uitgawes nie.

Die LSSA sê slagoffers word ontneem van hul regte om vergoed te word vir skade wat deur iemand anders veroorsaak word.

Mense wat byvoorbeeld skade ly weens mediese nalatigheid of beseer word in trein-, vliegtuig- of bootongelukke, of by winkelsentrums, hotelle, konstruksieterreine en private huise, het onbeperkte regte om vergoeding te eis van die persoon of entiteit wat hulle skade berokken het.

Nét motorongelukslagoffers het nie die reg nie, ondanks die feit dat hulle "premies" van R45 miljard per jaar betaal.

– Jana Breytenbach



www.meltwater.com/za | Cape Town: +27 21 838 5100 | Johannesburg: +27 11 028 2172 | Copyright © Meltwater News (Pty) Ltd.